Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 28 Februarie 2020

1. FOTO-BESTELLINGS

Onthou asseblief om u bestelling te plaas vir u kind se individuele foto. Daar is verskeie opsies. Dis aangetoon op die bestelvorm. Handig bestellings in by die algemene kantoor.

2. DATUMS VIR MAART

4 Maart: Tennis – Senior Dogters teen Loreto Skinner A
6 Maart: E-sport
7 Maart: Fietsry
7 Maart: Rugby, Netbal en Hokkie teen Hoërskool Hartbeespoort
9-13 Maart: Wiskunde-Week
9 Maart: Landloop Interhuis
10 Maart: Musieksentrum: Prysuitdeling
11 Maart: Tennis – Senior Dogters teen Hatfield B
12 Maart: Skaak Interhuis
13 Maart: Wonnie Idols – Gala-aand
13 Maart: E-sport
14 Maart: Rugby, Netbal, Hokkie teen Hoërskool Secunda
16-18 Maart: Netbaltoer: 0/14 en 0/15
18-20 Maart: Netbaltoer: 0/16 – 0/19
18 Maart: Rugby en Hokkie teen Hoërskool Sutherland
20-24 Maart: Rugby-toer: 0/14 – 0/19
24-27 Maart: Hokkie-toer

3. NEEM VAN FOTO'S

Die reg op privaatheid van alle leerders is vir ons belangrik. Daar word egter gereeld, tydens skoolaktiwiteite, leerlinge van Die Hoërskool Wonderboom gefotografeer en hul foto's word soms in druk en aanlyn gepubliseer. Indien u nie wil hê u kind se foto's moet gepubliseer word nie, stel asseblief die skool in kennis deur 'n e-pos na admin@wonnies.co.za te stuur. Indien geen e-pos ontvang word nie, aanvaar ons dat foto's van u kind wel in die media gepubliseer mag word.

4. SKOOLBAADJIES

Die reëls rondom die dra van skoolbaadjies is in die gedragskode: dit is verpligtend vir graad 8- en 9-leerders en ook in graad 7 aan ouers gekommunikeer. Die gebruik van sportbaadjies by skooldrag is besig om uit te faseer. Sorg asseblief dat u kind die reëls sodanig nakom.

5. BEDANKING: SKENKING VAN EIERS

Graag wil ons mnr. Andries Venter van Eagle's Pride Hatchery bedank vir die ongelooflike groot skenking van eiers. Die eiers kon ons gebruik om Wonnies in nood te help, sowel as terug te ploeg in ons gemeenskap deur te verskaf aan ouetehuise, kinderhuise, sentra van veilige bewaring en selfs Laerskole. Dit word opreg waardeer.

Eagle's Pride Hatchery

M LEZAR
SKOOLHOOF